**Vrydag 20 Januarie**
**Skrifgedeelte: 1 Petrus 1:17-21**
**Fokusgedeelte: 1 Petrus 1:19**
**Ons is losgekoop met Christus se bloed en behoort ewig aan Hom**

Kan ’n gelowige sy/haar redding verloor? Loop ons die gevaar om eendag nie meer aan die Here te behoort nie? In moeilike tye stoei ons soms met vrae soos dié.

Die Here gee egter vir ons troos en hoop wanneer ons in 1 Petrus herinner word dat ons met Christus se kosbare bloed vrygekoop is en daarom ewig aan Hom behoort. Hy het die duurste prys vir ons betaal. Deur Hom is ons ewig regverdig. Hy het die volmaakte offer gebring – Homself.

Ons behoort nie aan hierdie wêreld nie. Ons hou nie vas aan die dinge van hierdie wêreld nie. Die dinge van hierdie wêreld gee nie ewige troos en hoop nie. Ons vrees God en rig ons geloof en hoop op Hom. Ons plaas ons vertroue, ook vir die instandhouding van ons geloof, op God. God wat in sy liefde ons Here Jesus gestuur het om ons regverdig te maak. As ons verhouding met God van onsself afgehang het, sou ons dit kon verloor. Omdat Christus ons losgekoop het, staan ons verhouding met God ewig vas.

Moenie op jouself vertrou nie. Moenie dink jy kan jouself red deur aardse dinge nie. Fokus op Christus wat jou losgekoop het om ewig aan Hom te behoort.

Is dit moontlik vir ’n gelowige om sy/haar redding te verloor? Nee! Christus het jou met sy kosbare bloed losgekoop. Jy behoort vir ewig aan Hom. Niemand kan dit verander nie. Dank God daarvoor met jou lewe!

*Sing: Psalm 71-1:9, 14*

*Ds. GP van Rhyn (Gerhard) (Komatipoort)*